HEILBRON HERALD



# ALLES ONDER EEN DAK!

"Groter, en beter!" Só lui die gees van die opgewondenheid wat Vrydagoggend geheers het met die splinternuwe VKB Heilbron-tak wat amptelik sy deure oopstoot. Na maande se afwagting van plaaslike inwoners, het die groot oomblik uiteindelik aangebreek.

Die nuwe perseel, gerieflik geleë langs die Iceberg TruckStop, bring 'n groter verskeidenheid produkte en dienste onder een dak bymekaar. Boere, besighede en die breër gemeenskap het in hul hordes opgedaag vir die *Grand Opening*, waar verskaffers uitstal, OFM regstreeks uitgesaai en talle pryse op die spel.

'n Belangrike kenmerk van die nuwe tak is dat VKB Handel en VKB Meganisasie nou saamgesnoer is op dieselfde terrein, wat 'n meer geïntegreerde en doeltreffende diens aan kliënte moontlik maak. 'n Opwindende nuwe toevoeging is Trekker Heelgoedere, met Waldo Marais as toegewyde bemarker. Pieter Bronkhorst behou sy rol as Algehele Bestuurder, terwyl Ruan Blignaut voortaan as Afdelingsbestuurder van Meganisasie optree.

Die nuwe tak is ontwerp om nie net produkgerig te wees nie, maar ook diensgerig – met die insluiting van versekeringsdienste, onder leiding van Lizzy Myburgh, tot voordeel van alle boere en kliënte. Nog 'n waardevolle toevoeging tot die VKB-lidmaatskap is dat lede nou op rekening brandstof kan koop by die aanliggende Iceberg TruckStop, wat 'n groot gerief vir landbouers is.

Met moderne geriewe, vriendelike diens en 'n omvattende produkreeks, bevestig VKB Heilbron dat hulle gereed is om die gemeenskap en plaaslike landboubedryf nog beter te bedien. Die ou VKB Handelstak sal binnekort in 'n VKB Foods omskep word en sal meer besonderhede vir 'n amptelike opening later volg. Hierdie is beslis 'n nuwe hoofstuk in dienslewering en samewerking in die streek en bring groei tot die Heilbron gemeenskap.

*Op die foto: Toppie Jonker (Streeksbestuurder), Thys Vermaak (Hoof van Handelsware), Juan Botha (Vloerbestuurder), Pieter Bronkhorst (Algehele Bestuurder), Ben Slabbert (Stoorbestuurder), Waldo Marais (Heelgoedere Bemarker) en Elsa Jonker (Hoof van Admin)*







# Huisbrake steeds Suid-Afrika se mees algemene misdaad

## *Heilbron in rep en roer na beweerde rooftog*

Huisbraak bly een van die misdade wat die minste by die polisie aangemeld word, ondanks die feit dat dit jaar na jaar duisende huishoudings regoor Suid-Afrika raak. Die meeste slagoffers van persoonlike diefstal verkies eweneens om dit nie aan te meld nie.

Heilbron is geen uitsondering nie. Sondagaand was die strate van Tienie Grobler- en Hullstraat in rep en roer nadat ’n beweerde inbreker vasgetrek is. Volgens inwoners is geluide op die dak van die Moolman-gesin se huis gehoor, waarna hul seun ondersoek gaan instel het. Hy het glo ’n onbekende persoon op die dak betrap.

Alarm is dadelik gemaak en bure het saamgespan om hulp te verleen. Die verdagte is uiteindelik oorhandig aan die polisie. Na bewering het hy n skerpvoorwerp by hom gehad en was in besit van koperkabels. Hy het Woensdag in die hof verskyn.

Wat die voorval nog meer ontstellend maak, is dat inwoners van Ringerstraat, Tienie Groblerstraat, Piercestraat en Hullstraat reeds sedert Januarie vanjaar herhaaldelik geviktimiseer is. Vir baie van hierdie gesinne het die jongste inbraakpoging net weer ou wonde oopgekrap en die gevoel van onveiligheid versterk.

Volgens Statistieke Suid-Afrika (StatsSA) se jongste opname oor bestuur, openbare veiligheid en geregtigheid het sowat 1,1 miljoen huishoudings (5,7%) in die 2024–25-boekjaar ’n huisbraak ervaar. Dit word verder beraam dat daar in dieselfde tydperk 1,5 miljoen voorvalle van huisbraak plaasgevind het.

Huisbraak is dus steeds die algemeenste misdaad wat Suid-Afrikaanse huishoudings raak – ’n duidelike teken dat hierdie bedreiging, ondanks verskeie misdaadbekampingsinisiatiewe, nie afneem nie.

## Uit die Pen:

### Week 35

Sosiale media is ’n spinnekopweb. Letterlik. Dis asof jou voete vassit in allerhande strikke, want die keyboard warriors is gewoonlik baie braaf agter ’n skerm, maar baie bang in die regte wêreld.

Toe iemand aan die begin van die jaar van my ’n TikTok-video gemaak het, was die man agter die kamera baie braaf, maar hy het nooit aan die reaksie op sy video gedink nie. Hy het my en sy pa afgeneem terwyl sy pa min of meer sy longe uitskree en elke keer sê: “I am not stupid. I have a master’s degree in engineering!” So asof dit vir hom ’n kaartjie na wie-weet-waar in die sak bring.

Die reaksie op die video was omtrent 80% teen die pa. Hoe kan ’n man wat so ver geleerd is, so optree? Vra iemand. ’n Ander komplimenteer my omdat ek kalm gebly het. “The lady is so professional.” Maar nadat die negatiewe kommentare oor die pa se gedrag heeltemal te veel geword het, is die video verwyder.

Wyse besluit.

Ek behoort aan ’n paar Facebookgroepe wat met my werk verband hou. Alhoewel ek nooit kommentaar lewer nie, verkneukel ek my altyd aan die reaksies op inskrywings. Iemand sal vra: “Help my asseblief om te kies: iets is in blou en rooi beskikbaar. Watter kleur moet ek kies?” Iemand anders sal dan antwoord: “Ek dink jy moet eerder gaan kyk iets wat rond is.”

Amper soos die vrou wat in die modewinkel instap en vra vir oranje skoene. “Nee, mevrou, ons het nie oranje skoene nie, maar ons het wel pers hemde.”

Vandag wens ek dat ons mekaar sal respekteer, mekaar hulle keuses sal gun, maar ook vry sal wees om jou sê te sê. Sonder om ander mense te verkleineer.

Ek skryf onderstaande met apologie teenoor Facebook. Dit bewys presies hoé ’n sosiale mediaspinnekopweb kan ontwikkel.

Iemand skryf: “Ek gaan gemmerbier drink wat ek by Spar gekoop het.” Hieronder volg die kommentare wat gegee is.

“Maar ek hou nie van gemmerbier nie! Hoekom drink jy nie iets anders nie?”

“Gemmerbier is sleg vir jou.”

“Kom laat ek jou iets leer oor gemmerbier. Jy weet dit dalk nie, maar…

“Jy moet eerder jou eie gemmerbier maak.”

“Hoekom drink jy nie eerder water nie? Die water uit ons boorgat is uit die boonste rakke.”

“Die water uit ons spruit op die plaas is nog lekkerder.”

“Ek kan beter gemmerbier maak as jy.”

“Ek kan beter gemmerbier drink as jy.”

*“Fake news!”*

“Jy is totaal van die pad af.”

“Ek het my PhD gedoen in die ontwikkeling van gemmerbier, daarom is ek beter gekwalifiseerd as enige iemand anders om jou raad te gee oor gemmerbier.”

“Hoekom beland hierdie inskrywing op my *Facebook feed?*”

“Julle weet dat julle nie kan spel nie. Dit einlik *‘gemerbier’*.”

“My oumagrootjie het gemmerbier vir die eerste keer gemaak. Sy het dit altyd aan die mense wat dorp toe gekom het vir nagmaal, verkoop.”

“Nee, dankie. Ek wil nie eendag diabetes onwikkel nie. Weet jy hoeveel suiker is daar in gemmerbier? Het jy al diabetes? Glo my, jy wil dit nie hê nie.”

“Hoekom is jy nog nie dood nie?”

“Ek hou nou dadelik op om jou op Facebook te volg.

“Waar kan ek gemmerbier gaan koop?” Die skrywer het geê dat hy dit by Spar gekoop het.

“Watter geur is die gemmerbier?” Nee, ek verstaan nie daardie ene nie.

“Dis alles geprosesseerde gemors. Bly weg!”

“Dis seker nie bier nie? Dalk eerder cider. Daar was ’n hofsaak oor die naam. ’n Goeie Google soektog sal jou kan help.”

“Ek gaan wragtig nie alles lees nie.” Wel, jy het tot hier gelees.

“Ek het nog nooit weer gemmerbier gedrink vandat ek ’n video op YouTube gesien.het nie. Het jy geweet dat hulle gemmerbier maak van verrotte plantmateriaal? Die kakkerlakke het letterlik tussen die gemors deurgekruip.”

“Ek het nog nooit weer gemmerbier gedrink vandat COVID by my gediagnoseer was nie.”

“Ek het gemmerbier gedrink net nadat ek die COVID *jab* gekry het, en ek het bitter siek geword.”

“Moenie my *judge* nie.”

“Hoekom gaan jy gemmerbier drink?”

“Hoekom wys jy nie die glas en die inhoud nie? Dalk omdat jy nie regtig gemmerbier het nie?”

“Drink jy dit darem uit ’n glas of sommer so uit die bottel? Weet jy hoeveel virusse en bakterië is daar op ’n bottel?”

“Het jy die bottel gesteriliseer?”

“Jy moet meer uitgaan en pret hê. Ek sien jy is eensaam.”

“Kleintyd se gemmerbier het baie beter geproe as vandag se gemors.”

En dan is daar altyd hierdie een:

“Hallo, vreemdeling. Ek volg jou nou al lank op Facebook en het gesien dat jy baie mooi is. Jy is intelligent ook. Het jy geweet dat ek jou Finansiële drome kan laat waar word? Belê R200 000 en jy sal binne 30 dae R553 000 ryker wees. DM my.

Tot later.”

Jinne, ek dink nie spinnekopweb is die regte woord nie. Dis veel erger. ’n Slagveld.

# Afsterwe van Nico Moolman, geliefde historikus van die Riemland

Die gemeenskap van die Riemland en ver daarbuite is in rou na die afsterwe van Nico Moolman, bekende skrywer, historikus en versamelaar, wat op 25 Augustus 2025 in die ouderdom van 77 oorlede is. Hy was vroeër 'n inwoner van Petrus Steyn, maar het oor die jare wyd bekend geraak vir sy passievolle bydraes tot die bewaring van geskiedenis, veral dié van die Anglo-Boereoorlog.

Moolman was die skrywer van meer as 16 boeke, waaronder The Boer Whore (later in Afrikaans verwerk as Kamphoer), Dankie, Generaal, Kuier in 'n Plaaskombuis, Die Pienk Traaisiekel, Uit Ouma se Uitsetkist en Karrenmelk vir Ta Nonnie. Sy werk is gekenmerk deur deeglike navorsing, maar ook 'n besonderse vermoë om geskiedenis op 'n toeganklike en menslike manier oor te dra. Die filmregte van The Boer Whore is destyds aan akteur en regisseur Ian Roberts verkoop.

Benewens sy skryfwerk het Moolman 'n groot versameling geskiedkundige artefakte en aandenkings opgebou, wat in sy huismuseum Buskruit en Laventel op sy plaas naby Utrecht, KwaZulu-Natal, uitgestal word. Van die items sluit in 'n Sandlwana-assegaai, 'n kommandomes, die eerste uitgawe van Jock of the Bushveld, en 'n vlag wat eens in die kantoor van president C.R. Swart gehang het.



Moolman het ook verskeie toekennings ontvang: in Julie 2022 is hy deur die Voortrekkermonument vereer vir sy bydrae tot die Vrijheidsreis-uitstalling, en in Maart 2021 is hy deur die Russiese ambassade in Utrecht gehuldig vir sy navorsing oor die besondere verbintenisse tussen die Boere en Russe tydens die Anglo-Boereoorlog.

Hy en sy vrou, Naomi, sou in Oktober 2025 hul 55ste huweliksherdenking gevier het. Volgens hul dogter Melanie was hy nie net 'n geliefde eggenoot, pa en vriend nie, maar ook 'n historikus en skrywer wie se woorde en stories die harte van baie mense aangeraak het. "Sy liefde vir mense, egte stories, sy skerp humorsin, intelligensie en unieke uitkyk op die lewe sal in mense se herinneringe en sy boeke bly voortleef," het sy in 'n huldeblyk gesê.

Die begrafnisdiens van Nico Moolman sal op Saterdag, 30 Augustus 2025 om 11:00 by Cesarèa Landgoed in Utrecht plaasvind.

Die Heilbron Herald betuig innige simpatie aan sy familie en vriende. Nico Moolman se werk en nalatenskap sal nog lank die mense van die Vrystaat en Suid-Afrika inspireer.










# Uitstaande prestasie by Vereeniging Kunsfees

*Mia Janse van Rensburg, 'n leerder van Hoërskool Heilbron, het op Vrydag, 22 Augustus 2025 aan die Vereeniging Kunsfees deelgeneem. Sy het 'n uitmuntende A+++ behaal vir haar voordrag in die afdeling Gedramatiseerde Poësie Individueel, Graad 5.*






**2026 Dagboeke nou beskikbaar by Heilbron Herald terwyl voorraad hou!**

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National



# Bronnie Voëljag 2025

## 'n Jaar van Herinnering en groei

Die jaarlikse Bronnie Voëljag het vanjaar op Vrydag, 22 Augustus, afgeskop met die tradisionele kleiduifskiet. Africlay het die kleie voorsien, terwyl 'n Proteaskut vir die jagters waardevolle wenke gedeel het.

'n Besonderse oomblik van die dag was die 2-skoot saluut ter nagedagtenis aan Bernard Botha om 17:00. Mart-Mari du Plooy het die roerende The Last Post op die trompet gespeel. Bernard het vroeër vanjaar reeds ingeskryf en betaal vir die voëljag, maar is tragies in 'n vliegongeluk oorlede. Sy gesin het die byeenkoms bygewoon om sy nagedagtenis saam met die jaggemeenskap te eer.


Die aand is afgesluit met 'n gesellige kuier, 'n smaaklike ete en 'n veiling wat groot belangstelling gelok het.

Saterdag, 23 Augustus, was dit die hoogtepunt van die voëljag: die jag self en die daaropvolgende prysuitdeling. Hierdie jaar het die deelname merkwaardig gegroei – 77 jagters, vergeleke met die 27 waarmee die Bronnie Voëljag in 2023 begin het.

Organiseerders het hul dank uitgespreek teenoor elke persoon en borg wat bygedra het tot die reuse sukses van 2025 se voëljag. Die Bronnie Voëljag het duidelik 'n hoogtepunt op die jagkalender geword – nie net as sport en tradisie nie, maar ook as 'n gemeenskapsgebeurtenis waar herinneringe en vriendskappe gebou word.











# Kruger-standbeeld toer deur land

## Heilbron aan die beurt op 30 September

Heilbronners kry binnekort die unieke kans om een van die bekendste Afrikaner-simbole van naby te beleef. Die reuse-ewebeeld van die Paul Kruger-standbeeld wat sedert 1954 op Kerkplein in Pretoria staan, vertrek op 24 September vanaf die Voortrekkermonument op 'n tien dae lange toer deur verskeie dorpe.

Op 30 September 2025 sal die monument in Heilbron vertoon word, as deel van die toer wat lei tot sy permanente oprigting in Orania op 2 Oktober. Die amptelike onthulling in Orania is beplan vir 10 Oktober 2025, presies 200 jaar na Kruger se geboorte.

**Wat Heilbronners kan verwag**

Tydens die besoek sal inwoners die geleentheid hê om die 1,5 ton swaar bronsbeeld van naby te sien, foto's te neem en selfs 'n toneelopvoering van N.P. van Wyk Louw se Kruger breek die pad oop by te woon – 'n teaterstuk wat Kruger se rol in die Afrikaner se strewe na vryheid simbolies vertolk.

**Erfenis en simboliek**

Volgens dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), verteenwoordig Paul Kruger veel meer as 'n historiese figuur:

"Hy is die beliggaming van die Afrikaner se vryheidsideaal oor geslagte en in verskillende kontekste."

Die nuwe beeld, wat meer as tien meter hoog met sy voetstuk is, is deur beeldhouer Jacques Müller vervaardig nadat die oorspronklike Kruger-beeld in Pretoria in 3D geskandeer is.



**Toerprogram**

Die standbeeld besoek onder meer Pretoria, Rustenburg, Potchefstroom, Krugersdorp, Heidelberg, Vereeniging en Parys, voordat dit op 30 September in Heilbron sy opwagting maak. Daarna vertrek dit na Bloemfontein en eindig uiteindelik in Orania.

# Noot vir noot met kriptiese leidrade

Die Huppel Trippel-lede moes gister die weggesteekte liedjies uitpluis deur kriptiese leidrade te ontleed. Maar, skerp soos hulle is wanneer 'n klomp koppe saam dink, kon hulle by elke leidraad se regte antwoord uitkom. Dit het nogtans gesorg vir heerlike vermaak. Die volgende program vind op 9 September plaas wanneer dit fliektyd sal wees. 'n Opname van die pragtige lewe op die koraalriwwe van ***The Great Barrier Reef*** is op die spyskaart. Bettie Swart het almal weer getrakteer op die heerlikste eetgoed. Kom kuier gerus saam op die 9de September en waardeer die wondermooie ondersese lewe op die koraalriwwe.





*Foto regs: Nog 'n gereelde deelnemer aan Huppel Trippel se aktiwiteite. Hy is veral lief vir die saamsing-programme en sing luidkeels saam.*
*Foto links: Bettie Swart.*

WINKEL-URE

Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00

Vrydae:
07:30 - 16:30

Saterdae:
08:30 - 13:00

Herald Office National

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za






# Women at the wheel

## *Driving change in SA's Dairy Supply Chain*



In South Africa, women make up just 1.2% of all truck drivers, according to Financial and Advisory News, and only 12% of the overall transport workforce, as reported by Freight News. Against this backdrop, two drivers at Southern African dairy logistics giant, Tip-Top Milk are proving that the road to excellence has no gender.

Precious Leotlela and Letta Zwane have been recognised among Tip-Top Milk's top drivers over the past two years, earning their place in a line-up traditionally dominated by men.

For Zwane, the recognition is doubly significant - she is the first woman in Tip-Top Milk's history to break into the annual top five, achieving this milestone in just her first year with the company.

"Driving keeps me focused and active. I'm proud knowing I'm helping the team and getting the job done safely and on time. Over time I've learned just how much effort it takes for farmers to feed the country and I'm proud to be part of that chain," says Zwane.

Leotlela, a young driver known for her focus and determination, continues to challenge industry perceptions about what women can do behind the wheel.

"Some people think this work is too hard or heavy for a woman. But that only pushes me to work harder because I love what I do. Strength isn't just in your arms, it's in your focus and mindset," says Leotlela.

As reported by Freight News, women make up around 28% of South Africa's logistics workforce, with far fewer in operational driving roles. This makes Leotlela and Zwane's achievement not only a personal milestone, but also a signal of meaningful change in the sector.

"We judge performance by results. Precious and Letta's recognition is proof that skill, focus and professionalism transcend gender," says Tip-Top Milk CEO, David de Jager.

Driving for the dairy industry comes with unique demands - strict hygiene protocols, time-sensitive deliveries and navigating routes that connect rural farms to processing facilities. Reliability, safety, and efficiency are essential.

"Our business is built on trust, ethics and a deep respect for the people who make this work possible. We're proud to be part of an industry that's evolving and to stand behind women who are not just breaking barriers, but setting new standards," says Tip-Top Milk Director, Anika Niehaus.

By earning top recognition in such a critical operational role, Leotlela and Zwane are inspiring the next generation of women to see opportunity where they might have seen barriers.

Tip-Top Milk provides the Southern African dairy industry with milk logistic services and marketing of producers' milk, while ensuring that the processes of collecting, sampling, testing, and delivering of this milk is timeous, safe and cost-effective for all.

For more information, visit www.tiptopfoodsgroup.co.za or follow Tip-Top Milk on Facebook, X or Instagram.




Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald, kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




# Phitshana Public School Shines Again



Phitshana Public School has once more shown excellence as learners excel in various competitions. Matshele Bonolo obtained an impressive third place in drawing and proudly brought home a trophy, while Mokoena Karabo showcased great talent in the poetry category.

The school leadership and staff were present to support the learners' achievements. From left were Deputy Principal Me Mkhwanazi, trainer Me Yekwa Thandiwe, Principal WT Mokoena, Departmental Head Me YMM Mokoena, and Me Mabuya.

In addition to celebrating academic and cultural success, the school also prioritised learner discipline and well-being. Sergeant Me Molapisi and her colleague addressed the learners on important issues such as drug abuse, bullying, and unacceptable behaviour, encouraging them to make positive choices.

Phitshana Public School continues to be a beacon of talent, discipline, and growth in the community.

# Snoeiwerk is nooit verniet nie

## *Heilbron Huis- & Tuinbouklub Vergadering – 20 Aug. 2025*

Die Heilbron Huis- en Tuinbouklub het hul Augustus-vergadering afgeskop in samewerking met Riaan van Heerden van Hinterland Heilbron, en Linda le Roux van Starke Ayres. Die tema van die dag het gefokus op nuwe groei en geestelike vernuwing – nes snoeiwerk in die tuin ruimte maak vir iets sterker en mooier, so is dit ook in die lewe. “Elke tuinier weet om nuwe groei moontlik te maak, moet daar soms gesnoei word. Na elke winter, elke moeilike tyd en veranderinge lê daar altyd ‘n nuwe seisoen voor. In ons geestelike lewe is dit ook dieselfde. Snoeiwerk is nooit verniet nie, dit maak plek vir iets groter, sterker en mooier. Kom ons omhels hierdie nuwe begin soos ‘n jong lood wat weer gaan uitspruit met hoop en vertroue.”

Riaan van Heerden het elke dame hartlik verwelkom en beklemtoon hoe waardevol elke persoon is. Hy het ’n praktiese demonstrasie gegee oor hoe om saailinghouers uit koerantpapier te maak – ’n eenvoudige, doeltreffende manier om plante soos pampoen suksesvol te begin kweek.

Linda le Roux het meer vertel oor Starke Ayres se nuwe produkte, insluitend:

- **Dynaroot:** ’n hormoonpoeier wat wortelvorming bevorder by steggies. Gebruik no. 2 as veilige standaard.
- **Plantstokkies:** Kunsmisstokkies met ’n N:P:K-verhouding van 12:3:7 vir binnenshuise plante.
- **Palm Peat:** ‘n Ontkiemingsmedium wat water en vogtigheid behou – ideaal vir saailinge.
- **Iron Chelate:** ’n wateroplosbare kunsmis vir ystertekorte in plante – veral effektief vir grasperke.
- **Turbo Grass:** ’n kragtige grasperkvoeding wat vinnige vergroening bevorder, sonder gevaar van brand.
- **Nutrifeed:** ’n gebalanseerde voeding vir huisplante en nuwe aanplantings – ideaal teen plantskok.
- **Ants RTU:** Reuklose kontakgif teen miere – veilig vir gebruik rondom troeteldiere.



Dames wat die oggend gereel het: Joanita Claasen (Tuinbou-lid), Linda le Roux, Riaan van Heerden en Carol Snyman (Tuinbou bestuurslid).

**Verder is tuinwenke vir Augustus gedeel:**

- Grasperke moet korter gesny word om nuwe groei aan te moedig. Bemes met 2:3:2 organiese kunsmis en maak goed nat.
- Snoei somerblomstruike soos laventel, flamingo’s en hibiskus.
- Verdeel meerjarige plante wat nie in September blom nie.
- Berei beddings voor met kompos, beenmeel en organiese materiaal.
- Plant seisoenblomme soos petunias, verbenas en ander somersaadbeddings.
- Let op vir peste soos slakke en plantluise.
- Kruie om nou te plant: pietersielie, koljander, roosmaryn, basiliekruid, grasuie en tiemie.
- Groente vir Augustus: spinasie, beet, radyse, wortels, selery, broccoli, kool en uie. In warmer streke kan ook rissies, tamaties en uie begin word – saailinge moet in koue streke binnenshuis begin word.

Linda het afgesluit deur te noem dat Starke Ayres ’n splinternuwe reeks blomsaadjies op winkelrakke het – waaronder kosmos, asters en sweet william. Sy het ook verduidelik hoe die chilli-saadjies se verpakking aandui hoe skerp die brand is, gebaseer op hul kaliuminhoud en ’n aangeduide “scope scale”.

Die vergadering was verrykend, prakties en inspirasievol – ‘n ware viering van lente wat om die draai is.



*Linda le Roux (Starke Ayres), Riaan van Heerden (Hinterland) & pryswenner Magda Piater.*


BONUS HARDWARE
HARDWARE & BUILDING SUPPLIES

VAKATURE
VLOER VERKOOPSMAN

*Bogenoemde vakature bestaan tans by Bonus Hardeware Heilbron.*

Posvereistes:
- Aangename persoonlikheid
- Goeie kommunikasievermoë en klantediensingesteldheid
- Kliëntediens

**Aansoeke vir bogenoemde betrekking moet gerig word aan:**
Die Bestuurder,
Bonus Hardeware
Breëstraat 31, Heilbron, 9650.

Sluitingsdatum:
5 September 2025

L&T BOERDERY Since 1994

ADMINISTRATIEWE KOÖRDINEERDER
POS BESKIKBAAR

INLEIDING:

VEREISTE ERVARING EN KWALIFIKASIES:

KENMERKE:

SALARIS:

AANSOEKE SLUIT 12 SEPTEMBER 2025

Stuur asseblief CV's na leonard@ltboerdery.co.za

# Ngwathe-raadslede sak groot salarisse in

Terwyl dienslewering in dorpe soos Heilbron, Parys en omliggende gebiede steeds onder druk is, wys jongste syfers dat raadslede van die Ngwathe Munisipaliteit jaarliks miljoene rande in salarisse verdien.

Volgens die munisipaliteit se finansiële state het die totale vergoeding aan raadslede en politieke ampsdraers in die 2022/23-jaar sowat R16,7 miljoen beloop. Vir die huidige begrotingsjaar 2024/25 is dié bedrag opgestoot tot meer as R18,4 miljoen. Dit beteken dat die raad elke maand gemiddeld sowat R1,53 miljoen aan vergoeding ontvang.

'n Ontleding toon dat salarisse soos volg verdeel word:

- Die Uitvoerende Burgemeester sak ongeveer R78 000 per maand in.
- Die Speaker ontvang sowat R66 600 per maand.
- Lede van die Burgemeesterskomitee verdien elk nagenoeg R43 500 per maand.
- Gewone raadslede kry gemiddeld sowat R27 000 per maand.

Hierdie bedrae sluit salarisse sowel as bykomende toelaes in.

Die publiek het in die lig van die hofuitspraak wat bepaal het dat Ngwathe onder administrasie geplaas moet word, reg om te weet hoe hul belastinggeld bestee word. Dit is veral opvallend dat die totale salarisrekening van die raad jaarliks styg, terwyl gemeenskappe in die munisipaliteit daagliks worstel met water- en elektrisiteitsonderbrekings, swak padinstandhouding en agterstallige rekeninge.

# AfriForum nader hof wéér sodat Ngwathe-munisipaliteit se duisende na dienslewering gaan

Ondanks die feit dat die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit se aansoek om verlof tot appèl van die hand gewys is, gaan dié munisipaliteit voort om duisende rand aan appèlaansoeke te spandeer. Dit terwyl AfriForum alles in die stryd werp om te verseker dat die oorspronklike uitspraak, wat die provinsiale regering magtig om by die munisipaliteit in te gryp en die munisipale raad te ontbind, sonder uitstel deur die hof inwerking gestel word.

Terwyl inwoners aan swak dienslewering en ernstige watertekorte onderwerp word, het die munisipaliteit onlangs 'n aansoek aan die Hoogste Hof van Appèl gebring teen die Junie-uitspraak. Dié appèlproses kan tot drie jaar lank duur.

AfriForum gaan gevolglik 'n aansoek in terme van artikel 18(3) van die Wet op Hoër Howe 10 van 2023 bring om te vra dat die hofbevel intussen uitgevoer word. Corné Cronjé, AfriForum se bestuurder van Gemeenskapstrukture, sê omdat die inwerkingstelling van beslissings dikwels uitgestel word hangende die uitkoms van 'n appèlproses, is dit in die belang van die gemeenskappe onder die Ngwathe-munisipaliteit se bestuur dat die uitspraak intussen inwerking gestel word.

"Daar bestaan uitsonderlike omstandighede wat dit noodsaak dat regter JP Daffue se uitspraak so gou as moontlik uitgevoer word. Die inwoners van onder meer Parys, Heilbron, Koppies, Edenville en Vredefort kan nie vir jare lank aan swak dienslewering uitgelewer word terwyl die appèlproses voortduur nie," sê hy.

Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, sê die Ngwathe-munisipaliteit het opnuut bewys dat hy geensins die inwoners se beste belange op die hart dra nie. "In plaas daarvan om munisipale fondse aan dienslewering te bestee, word dit aangewend om borg te staan vir die onbevoegde munisipale amptenare wat verantwoordelik is vir die verskeie grondwetlike, wetlike én administratiewe gebreke in die munisipale gebied. AfriForum sal nie toelaat dat inwoners oorgelewer word of verder vir sinnelose hofsake opdok nie."

AfriForum het op 20 Junie 'n deurslaggewende oorwinning in die Hooggeregshof in Bloemfontein behaal toe daar bevind is dat die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit nie meer sy verpligtinge teenoor inwoners nakom nie. Die hof het gevolglik die ontbinding van die munisipale raad beveel en die provinsiale regering opdrag gegee om onmiddellik in te gryp. Hierdie uitspraak het gevolg ná jare van verwaarlosing, onbevoegdheid en verval, waartydens inwoners sonder betroubare dienslewering gelaat is.

Schalk Burger, voorsitter van AfriForum se Parys-tak, sê die munisipaliteit is geheel en al uit voeling met dit wat op grondvlak aangaan. "Dit is asof die talle waterlekke, daelange kragonderbrekings en verbrokkelde paaie nie raakgesien word nie. Die gemeenskap is keelvol en daadwerklike optrede is nou nodig."

AfriForum doen 'n beroep op die gemeenskap om betrokke te bly, onreg te rapporteer en saam te werk om plaaslike regering verantwoordbaar te hou. Dié hofuitspraak is deurslaggewend vir AfriForum se stryd teen plaaslike regeringsverval. Kontak Burger by 082 653 4281 om by AfriForum se Parys-tak betrokke te raak.

# DA eis dringende herstel van straatligte in Heilbron

Die Demokratiese Alliansie (DA) in Ngwathe het die munisipale bestuurder, dr. FP Mothamaha, formeel versoek om die talle straatligte wat reeds maande lank nie werk nie in Heilbron dringend te herstel.

Volgens DA-raadslid Robert Ferendale verwaarloos die munisipaliteit basiese dienslewering en stel dit die veiligheid van inwoners en besighede in gevaar. Hy sê die straatligte in die dorp sowel as in die Vegkop-woongebied is reeds langer as 'n maand buite werking, ten spyte van herhaalde klagtes.

"Die gebrek aan straatligte het 'n toename in kriminele aktiwiteite, insluipings en inbrake tot gevolg gehad. Inwoners is kwaad en gefrustreerd en moes selfs 'n petisie onderteken om die munisipaliteit tot aksie te dwing," het Ferendale gesê.

Die DA dring daarop aan dat die herstel van die straatligte bo-aan die munisipaliteit se prioriteitslys geplaas moet word, aangesien dit noodsaaklike openbare infrastruktuur is. "Betroubare dienslewering is nie onderhandelbaar nie. Inwoners van Heilbron word al te lank in die steek gelaat," het Ferendale bygevoeg.

Hy het verder verwys na die onlangse hofuitspraak wat die munisipale raad se appèl van die hand gewys het en bevestig het dat Ngwathe onder administrasie geplaas moet word weens sy volgehoue versuim om aan grondwetlike verpligtinge te voldoen.

Die DA het beklemtoon dat dit tyd is dat die munisipaliteit sy verantwoordelikheid opneem en die straatligte sonder verdere versuim herstel.

# Poging tot moord ná plaasaanval

Die polisie het bevestig dat 'n saak van poging tot moord ondersoek word ná 'n plaasaanval wat Vrydagaand, 22 Augustus 2025, in die Oranjeville/Deneysville-distrik plaasgevind het. Die aanval het omstreeks 19:50 afgespeel.

Volgens polisiewoordvoerder kapt. Loraine Earle is die polisie deur 'n sekuriteitsmaatskappy ingelig oor 'n moontlike plaasaanval. Lede is onmiddellik na die toneel ontplooi.

Die klaer het aan die polisie gesê hy het 'n geraas buite sy huis gehoor en die buitelig aangeskakel. Op daardie oomblik is daar vermoedelik verskeie skote op hom afgevuur deur twee onbekende verdagtes wat in donker klere geklee was. Die klaer het met sy eie vuurwapen teruggeskiet, waarna die aanvallers in 'n suidoostelike rigting gevlug het.

Niemand is in die voorval beseer nie. Die polisie het ook bevestig dat die aanvallers nog nie vasgetrek is nie en dat geen arrestasies tot dusver gemaak is nie.

Dr. Jane Buys, veiligheidsrisiko-ontleder van Vrystaat Landbou (VL), het bevestig dat die organisasie bewus is van die aanval en het alle plaasaanvalle ten sterkste veroordeel. Sy het bygevoeg dat verdere inligting Maandag ingesamel sal word nadat met betrokke partye gepraat is.

Binne minute nadat die alarm in die omgewing uitgegaan het, het boere saamgespan en begin help met die soektog na die verdagtes. Hierdie vinnige reaksie het weereens die krag van samewerking en plaaslike veiligheidsnetwerke beklemtoon.

- 'n Saak van poging tot moord is by die polisie aanhangig gemaak.
- Die ondersoek is aan die gang, en lede werk daaraan om leidrade in te win en die verdagtes vas te trek.
- Die polisie doen 'n beroep op die publiek om enige inligting wat kan help met die ondersoek, onmiddellik aan hulle deur te gee.

Die polisie en veiligheidstrukture moedig boere en plaasgemeenskappe aan om:

- Waaksaam te bly en verdagte bewegings of voertuie onmiddellik aan te meld.
- Sekuriteitsmaatskappye en plaaswagte aktief te betrek.
- Basiese maatreëls soos werkende buiteligte, alarmstelsels en kommunikasiekanale instand te hou.

Die voorval beklemtoon weer eens die kwesbaarheid van boere en hul gesinne teen misdaad in landelike gebiede. Tog wys dit ook op die krag van landelike samehorigheid wanneer boere binne minute mobiliseer om mekaar by te staan. Die polisie het bevestig dat verdere inligting bekend gemaak sal word sodra die ondersoek vorder.

# Die waarde van gesonde gesinskommunikasie



*• Elmarie Els-Hammann, Maatskaplike werker*

Kommunikasie is die hartklop van enige verhouding, en in die gesin is dit selfs meer van waarde. Dit is deur woorde, gebare en luister dat ons mekaar leer ken, verstaan en ondersteun. Wanneer kommunikasie gesond en respekvol plaasvind, word 'n huis 'n veilige ruimte waar almal kan groei. Maar waar dit gebrekkig of vyandig is, ontstaan daar spanning, misverstande en selfs verwydering.

**Waarom is gesonde kommunikasie so belangrik?**

Kinders ontwikkel hul eerste begrip van vertroue, respek en probleemoplossing binne die gesin. As ouers en versorgers 'n voorbeeld stel van gesonde kommunikasie, leer kinders hoe om hul gevoelens te verwoord, hoe om na ander te luister en hoe om konflik op 'n konstruktiewe manier te hanteer. Hierdie vaardighede dra hulle lewenslank saam.

Ouers wat oop en eerlik met mekaar en hul kinders kommunikeer, skep ook 'n atmosfeer van sekuriteit. 'n Kind wat weet hy of sy kan enige saak met Ma of Pa deel, ervaar nie net ondersteuning nie, maar ontwikkel ook selfvertroue en emosionele intelligensie.

**Praktiese wenke vir beter gesinskommunikasie**

1. Luister aktief – Sit selfone neer, kyk in mekaar se oë en wys werklike belangstelling in wat die ander sê.
2. Gebruik "Ek"-stellings – In plaas van beskuldigings soos "Jy maak my kwaad", kan jy sê: "Ek voel teleurgesteld wanneer…". Dit verminder verdediging en bevorder begrip.
3. Wees doelbewus oor tydsberekening – Moet nooit 'n ernstige gesprek voer as almal haastig, moeg of emosioneel gelaai is nie. 'n Kalm oomblik bied beter kans op 'n positiewe uitkoms.
4. Erken verskillende standpunte – Dis normaal om te verskil. Wat saak maak, is hoe ons met die verskil omgaan. Erkenning gee respek en bou vertroue.
5. Los konflikte oplossingsgerig op – Gesinne wat saam dink aan praktiese oplossings, versterk hul bande eerder as om ou wonde oop te hou.
6. Bevorder positiewe interaksies – Woorde van waardering en erkenning is soos water vir 'n plant. Hoe meer ons dit gee, hoe sterker groei verhoudings.

Konflik as geleentheid tot groei

Baie gesinne vrees konflik en probeer dit heeltemal vermy. Tog is dit dikwels deur eerlike gesprekke oor moeilike sake dat ware groei plaasvind. Wanneer 'n kind sien dat konflik opgelos kan word sonder skree of stilte, leer hy dat probleme hanteerbaar is en dat verhoudings selfs sterker kan wees ná 'n verskil.

Gesonde gesinskommunikasie is nie 'n eenmalige prestasie nie, maar 'n voortdurende proses van luister, leer en aanpas. Dit vra tyd, geduld en bewustheid, maar die vrugte is oorvloedig. Huise waar daar respekvol gepraat en geluister word, word huise van vrede en stabiliteit.

As maatskaplike werker sien ek daagliks hoe gesinne wat in hul kommunikasie belê, 'n verskil ervaar – nie net in hul eie lewens nie, maar ook in die gemeenskap waarin hulle deel. Gesonde kommunikasie bou gesonde gesinne, en gesonde gesinne bou 'n gesonde samelewing.



# Dr. Piet van Zyl in die kollig

## • *Heilbron Posduifklub*

Op Saterdag, 23 Augustus 2025, het die Heilbron Posduifklub weereens ’n suksesvolle duifresies vanaf Jamestown gehad. Dr. Piet van Zyl se hokke, Zenith Lofts en Peet van Zyl, het die wenplekke ingepalm vir die Ope wedvlug en Jaaroudswedvlug binne die klub asook in die Unie-wedvlugte beide resies gewen!

Die Heilbron Posduifklub se ope duiwe is om 07:31 die oggend vrygelaat met mooi weer en ŉ weste wind wat waai. Die wenduif van Zenith Lofts is om 12:54 in Heilbron aangemeld. Altesaam het 64 duiwe en 6 lede aan die wedvlug deelgeneem. Met ŉ netto vlieg tyd van 5 ure 23 minute en 20 sekondes het die duiwe 436km afgelê. Die eerste vyf plekke en posisie nege gaan aan Zenith Lofts, met die Peet van Zyl hokke in posisie ses en sewe en OJS Hokke wat posisie agt en tien inpalm.

Die Jaaroudswedvlug duiwe is om 07:00 vrygelaat en is die wenduif om 12:19 geklok met ‘n netto vliegtyd van 5 ure 19 minute en 31 sekondes. Tydens die vlug het 6 lede en 94 duiwe deelgeneem. Die wenduif is van Peet van Zyl wat ook posisie sewe en 10 inneem. Zenith Lofts vat plekke twee tot ses asook agt en Cilliers en van Vuuren in posisie nege.

Tydens die Unie Jaarouds wedvlug het 52 lede met 594 duiwe deelgeneem. Duiwe is om 07:00 vrygelaat in mooi weer met ŉ ligte noord-weste wind en is die wenduif om 12:19 geklok.

**Top uitslae is as volg:**

1. Peet van Zyl
2. Zenith Lofts
3. Zenith Lofts
4. Zenith Lofts
5. Zenith Lofts
6. Zenith Lofts
7. Peet van Zyl
8. Zenith Lofts
9. JB Strydom
10. C Cornelissen

Tydens die Unie se Opewedvlug het 52 lede met 575 duiwe deelgeneem. Duiwe is om 07:31 vrygelaat ligte noord-weste wind en is die wenduif om 12:54 geklok.

**Top uitslae is as volg:**

1. Zenith Lofts
2. Zenith Lofts
3. Zenith Lofts
4. S Posthumus
5. S Posthumus
6. S Posthumus
7. S Posthumus
8. Zenith Lofts
9. D Hattingh
10. S Posthumus



*Op die foto: Dr. Piet van Zyl met die wenduiwe van die ope en jaaroudwedvlugte.*

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 23 Augustus het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Drie Susters gevlieg. Die duiwe is om 07:20 gelos en die wenduif is om 14:52 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 700 kilometers. 6 Lede en 151 duiwe het deelgeneem.

1. Morgenzon Lofts A
2. Morgenzon Lofts A
3. Spartan Pigeons 3
4. Spartan Pigeons 1
5. Spartan Pigeons 1
6. Spartan Pigeons 2
7. Spartan Pigeons 2
8. Morgenzon Lofts A
9. Inkwe Loft
10. Morgenzon Lofts A

Volgende Saterdag vlieg die duiwe vanaf Beaufort Wes. Dit is die laaste wedvlug vir die 2025 wedvlugseisoen.



*Op die foto is Nollie Swart van Morgenzon Lofts A met die wenduif 28175.*




## *Bedanking aan Heilbron- ‘n Wonderlike gemeenskap*

Met die afsterwe van Peet ons seun, Lizandi se man, Pa van sy kinders, broer van Nadia.

Ons sal altyd met dankbaarheid onthou hoe die wonderlike gemeenskap van Heilbron en Frankfort ons gedra het in die moeilike tyd. Spesiale dank aan Ds. Tommie van Vuuren, Ds. Braam van Zyl en Abrie.

Dankie aan die Heilbron Herald, Flippie van Safra, Wolter en Liaani Bennik, al die werkers op die plaas asook Heilbron Dierekliniek se personeel en aan almal wat van ver gereis het om die laaste eer te toon aan Peet.

Die bure op die plaas en Armand. Magda wat soveel meer doen as wat ooit verwag kan word. Almal se boodskappe, oproepe, blomme en kos word opreg waardeer.

Ons sal vir ewig met deernis en dankbaarheid aan julle dink.

***Piet, Rita, Lizandi en kinders, Nadia en gesin***

# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE**

In die boedel van wyle **DAVID BENJAMIN NAUDE,** Identiteitsnommer 450118 5006 08 0, Wewenaar, woonagtig was te 25 Breë Straat, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 16 Maart 2025, **boedelnommer 002908/2025.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER &**
**VENNOTE INGELYF**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**
**BREËSTRAAT 33, POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**

---

**KENNISGEWING**

KENNISGEWING in die
**BOEDEL VAN WYLE RELEBOGILE LERATO MATEBELLO TSIMANE,**
Identiteitsnommer: 030313 0403 08 0, in lewe WERKLOOS, woonagtig te STAND 692, MAMAFUBEDU PETRUS STEYN, 9640, ONGETROUD.
**Datum van afsterwe: 2 Junie 2021**
**Boedelnommer: 001164/2023**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te PETRUS STEYN vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

**KENNISGEWING**

KENNISGEWING in die
**BOEDEL VAN WYLE THENJIWE MONICA BOOYSEN,**
Identiteitsnommer: 700211 0281 08 5, in lewe 'n HUISVROU woonagtig te 05 HOOP STRAAT, REITZ, 9810, getroud BINNE GEMEENSKAP VAN GOEDERE met DAWID BOOYSEN, Identiteitsnommer: 630827 5149 08 7.
**Datum van afsterwe: 15 April 2024**
**Boedelnommer: 004161/2024**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald, kontak gerus die **Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**


**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON








# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

**JAARBEPLANNER**

**SEPTEMBER 2025**
• 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER 2025**
• 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER 2025**
• 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub


Kontak ons vir enige skryfbehoefte-benodigdhede
*Elsstraat 42, Heilbron*
*Tel: 058 853 0006*
Herald Office National



DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com



BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**
**Heilbron**


Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025
en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Herald
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National

# SMALLS

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# Bokkedag bly 'n wenner



Met vleispryse wat só deur die dak is, is dit dalk die moeite werd om jou kanse op die gholfbaan te waag – 'n goeie ronde kan immers beteken dat jy huis toe gaan met 'n vrieskas vol vleis. So lyk dit darem vir die spelers wat dié naweek se gewilde Bokkedag by die Heilbron Gholfklub gaan meemaak.

Die jaarlikse Bokkedag word hierdie Saterdag in Heilbron aangebied en lok weereens spelers van naby en ver. 'n Hele klomp bokkarkasse is op die spel en die inskrywings stroom van oral oor in – veral van die Gautengers wat dit as 'n lekker uitstappie en uitdaging sien.


Die organiseerders sê die setperke is in puik toestand ná goeie gifbehandeling, en die wintergras is teruggesny, wat die spel effens meer speelbaar maak.

Wenners van verlede Saterdag se gholf was Niklaas van der Walt, wat met 'n uitstekende 40 punte die dag gewen het, gevolg deur Leonard Strydom in die tweede plek met 37 punte.

Die formaat vir Bokkedag is IPS individueel, met die opsie om as 'n twee-handspan in te skryf. 'n Shotgun start vind om 11:00 plaas, en die inskrywingsfooi beloop R350 per speler, wat beide die halfway-happie en aandete insluit. Volgens die organiseerders is daar steeds plek beskikbaar en kan spelers nog inskryf.

Met groot belangstelling van plaaslike spelers sowel as besoekers, beloof Bokkedag om weer 'n dag van skerp kompetisie en gesellige saamkuier te wees.

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake die eerste keer nog gedoen word!



24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866




WINKEL-URE
Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae:
07:30 - 16:30
Saterdae:
08:30 - 13:00
Herald
Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

VOLGENDE HEILBRON VEILING 1 SEPT 2025
HUGO GROENEWALD – HEILRBON
082 569 7205
ARNO SWART – EDENVILLE / PARYS / KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER SASOLBURG / WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE EEN VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 1 SEPTEMBER 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 2 SEPTEMBER 2025
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
WARDEN Vetvee veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 069 972 3808
WOLMARANSSTAD: NOORDWES SAVM KLUBVEILING
11:00, Skougronde
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656
WOENSDAG - 3 SEPTEMBER 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Vetvee veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON: HOEVELD BONSMARA GROEP
11:00, Jonkersdam
Kontak Carel Davel 082 331 1811
DISTRIK BOSHOF: CASMAN TULI PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Geduld
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DONDERDAG - 4 SEPTEMBER 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
VRYDAG - 5 SEPTEMBER 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
PARYS: NASIONALE BRAHMAN VEILING
11:00, Parys Afridome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za